

imprisonment and a maximum of two years' imprisonment, a factor which clearly indicates the gravity of the offence.

In arriving at a conclusion, however, the Court has regard to all the factors advanced in mitigation, as also, in particular, to the fact that he has already been detained for a period of eight months and that, but for one petty offence, he has had a clear record.

The contravention is one for an attempt and, although the Act provides that he is liable to the same penalty as one who commits the substantive offence, the Court nevertheless considers that one who merely commits an offence merits a lesser penalty than one who commits the substantive offence. The contravention, nevertheless, remains a serious one and punishment must be commensurate with the gravity of the offence.

The accused is sentenced to imprisonment for a period of nine months.

-----  
OORSKRYPSTER SE SERTIFIKAAT:

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die voorafgaande 'n ware oorskrif is van die oorspronklike getuienis neganies opgeneem in die saak van:

DIE STAAT Teen:

PIET MAHLANGO.

*M. L. de Wet*

M.L. DE WET.  
OORSKRYPSTER : LUBBE OPNAMES.



CASE NO. S.H.J. 76/64.

DATE: 26/2/64.

IN THE MAGISTRATE'S COURT FOR THE DISTRICT OF PRETORIA, HELD  
AT PRETORIA.

BEFORE:

MR. F.E. MENTZ.

THE STATE VERSUS PIET MAHLANGU.

CHARGE:

ATTEMPT TO LEAVE R.S.A. WITHOUT  
PERMIT OR PASSPORT.

PLEA:

Y

FOR THE STATE:

MR. V. MARINUS.

FOR DEFENCE:

MR. M. HANNON.

INTERPRETER:

S. NKOSI.

OPERATOR:

S.H. SNYMAN.

TYPIST:

MRS. M. PETZER.

---



DEFENCE ADDRESSES COURT: Your Worship, I have been instructed to apply for bail pending an appeal in this matter.

COURT: Yes of course, as soon as your notice of appeal is filed that can be considered.

DEFENCE: I see Sir, could I have a few seconds to draw up a notice of appeal, I am sorry.....

THE COURT ADJOURNS.

DEFENCE ADDRESSES COURT (continued): Your Worship most of the facts are before Your Worship in this matter. Before the accused went on the venture for which he has been convicted, he was in permanent employment Sir. His family are in Johannesburg, that is his mother, his father, and his four brothers and one sister, he was imposed a sentence of nine months upon the appellant, so my submission is that he is not, it is not so severe a sentence as would necessarily call for flight, Your Worship, if he were granted bail. It is true that he was found leaving the Country on the occasion on which he was arrested, but then he was found in the trial, leaving for a specific purpose. That purpose presumably no longer operates. If Your Worship is inclined to grant bail, I will ask for Your Worship to set it in some sort of sum commensurate with his means. He hasn't been in employment, of course, for eight months, since he was arrested by the police but he feels that some sort of sum could be raised by his parents in order to get him released pending the appeal. I will argue the question of quantum at a later stage after Your Worship has heard my learned friend, and if Your Worship is disposed to grant bail.

PROSECUTOR: The facts, I agree Your Worship, are all before the Court, and I would submit with respect, that the test whether or not to grant bail, is whether the accused or the convicted person rather, can be relied upon, if necessary to submit himself to undergo the punishment which has been imposed upon him. My submission, Your Worship, is that the



facts of the matter has disclosed that the convicted person has no regard whatever for those laws of the Country, permitting departure unless he has been issued with a passport. There is no knowing whether the man, should he be granted bail, will again be conveyed by the organisation to the border and whether he will not by that means, escape from the Country. I feel constrained to oppose any application for bail whatsoever.

COURT: The law relating to release on bail, has recently been amended, not so Mr. Prosecutor?

PROSECUTOR: Yes Your Worship. Your Worship has a discretion whether or not to grant bail.

COURT: Previously there was no discretion?

PROSECUTOR: Previously there was no discretion, I think it was in Pheke's case which says that the Court has only discretion in so far as the amount of the bail is concerned, but the position has now been altered to give the Court discretion.

BY THE COURT: The accused has been convicted and sentenced to a period of imprisonment. The notice of appeal has been filed, and an application has now been made for bail, which is opposed by the State, and regard being had to the ease with which people in similar conditions have left the Union and failed to appear to serve their sentences in the past and in the very recent past, I am inclined to the view that the application for bail in this case should be dismissed, the application is accordingly dismissed.



TRANSCRIPTION CERTIFICATE.

I, the undersigned, declare herewith that the foregoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by mechanical means , in the case of:

THE STATE VERSUS PIET MAHLANGU.

CASE NO. S.H.J. 76/64.

M Petros  
TRANSCRIBER.



Besk. uitg. 25/2/64 - in hegtenis.

(Get.) F.E. Mentz.

St. Landdros.

24/2/64.

On 25/2/64.

Appearance as before. Evidence recorded by mechanical means.

STATE CASE.

Mr. Hannan applies for discharge - 2 points - 1. factual case not proved that accid intended to go to Kenya or Tang.

2. Law - acts of preparation only proved.

Mr. P.P. replies. R.O.M. 26/2/64 - in custody.

(Sgd) F.E. Mentz.

St/LANDDROS.

25/2/64

On 26/2/64

Appearance as before. Proceedings recorded by mechanical means.

Application for discharge dismissed.

Mr. Hannan closes defence case.

DEFENCE CASE.

Mr. P.P. addresses court.

Mr. Hannan addresses court.

Court delivers judgement

Accd found guilty.

Accd admits previous conviction set out in SAP 69B  
SAP 69B completed.

Mr. Herman addresses Court in mitigation.

Accd sentences.

(Sgd.) F.E. Mentz.

ST/LANDDROS,

26/2/64



Postea at 2.25 p.m.

Notice of appeal filed and annexed to the proceedings.  
Mr. Hannan applies for bail pending appeal. Mr. P.P. opposes  
application. Application dismissed.

(Get.) F.E. Mentz.

ST/LANDBROS.

26/2/64





**Addisionele Afskrif 29.2.64**

**BELANGRIK.** (a) Polisie moet een afskrif van hierdie rekord met uitslag van verhoor daarop aangedui, aan die S.A.K.B., Posbus 445, Pretoria, terugstuur.  
 (b) Een afskrif moet aan die Publieke Aanklaer ter inligting van die Landdros oorhandig word  
 (c) Een afskrif moet aan die Klerk van die Hof oorhandig word om aan die Laasbrief tot Gevangesetting geheg te word, al het beskuldigde geen vorige veroordelings nie.  
 (d) Vier afskrifte moet, in sake wat in Hoer- en Rondgaandehowe dien, aan die Klerk van die Hof vir beskikking oorhandig word

**IMPORTANT.** (a) Police to return one copy of this record to the S.A.C.B., P.O. Box 445, Pretoria, with result of trial endorsed thereon.  
 (b) One copy must be handed to the Public Prosecutor for use by the Magistrate  
 (c) One copy must be handed to the Clerk of the Court for attaching to the Committal Warrant, even if accused has no previous convictions  
 (d) Four copies must be handed to the Clerk of the Court for disposal in cases set down for hearing in Superior and Circuit Courts

Die beskuldigde het, nadat aan hom gesê is dat dit blyk dat hy/sy veroordeel was weens oortredinge op keersy gemeld en gevra is om hulle te erken of ontken, verklaar —  
 The accused who, having been informed that it appears that he/she was convicted of the offences overleaf and being called upon to admit or deny these convictions, declared —

Handtekening van beskuldigde  
Signature of accused

Handtekening van talk  
Signature of interpreter

Handtekening van Landdros  
Magistrate's signature

Hof  
Court

Datum  
Date

Dossier-no  
Docket No

K.R.-no  
C.R. No

V.A.-klas  
F.P. classification

V.A.-no.  
F.P. No.

P/35310 1 A Z 9 218621/63  
1 Ua Z 12

Aan  
To

S.A.P. Pretoria Sentraal

V.A'e ontvang  
F.P.'s received

i.s.  
RE

Piet Mahlangu

R.A.A.  
R.C.A.

475.9.63

12.9.63 S.A.P. 69's  
uitgestuur,  
despatched.

Aanklag  
Charge

Wet 44/50/11

Sameswering om n misdaad te pleeg

S/A/Off. Stumpher

HvW

**UITSLAG VAN VERHOOR OP HUIDIGE AANKLAG.**

**RESULT OF TRIAL ON PRESENT CHARGE.**

Hof en plek van verhoor Court and place of trial	1. Datum van skuldigbevinding Date of conviction	Vonnis Sentence	Misdaad. Offence.	Naam waaronder veroordeel. Name convicted under.
	2. Datum van vonnis Date of sentence			

Hofsaak-no. ....  
Court case No

Distriks-no. ....  
District No

Is boete betaal.....Indien nie, meld tronk/opsluitplek.....

Was fine paid.....If not, state gaol/lockup.....

**Blaai om.  
TURN OVER.**

Handtekening, no. en rang van Polisiebeampte wat die uitslag van die verhoor aangeteken het  
Signature, No. and Rank of Policeman who filled in result of trial.

Druaafdruk van  
beskuldigde.  
Thumb-print of  
accused



## VORIGE VEROOEDELINGE.

## PREVIOUS CONVICTIONS.

Hof en plek van verhoor. Court and place of trial. Hofsaak-no. Court case no.	1. Datum van skuldigbevinding. Date of conviction. 2. Datum van vonnis. Date of sentence.	Vonnis. Sentence.	Misdryf. Offence.	Naam waaronder veroordeel. Name convicted under.
Johannesburg 0.775/61.	22.2.61. R20 or 2 months Imp.	KCP.F/35310	Theft - hosepipe - garden Johannes Thole. R15.	41864/61

Tensy anders aangedui is die oortredinge wat aangeteken is as: HB. en diefstal; Ontvangs van gesteelde goedere; Vervalsing en Uitgifte; en Aanranding E.L.L. in werklikheid; Huisbraak met die opset om 'n oortreding te pleeg en diefstal; Ontvangs van gesteelde goed wel wetende dat dit gesteel is; Vervalsing en Uitgifte van 'n vervalste dokument wel wetende dat dit vervals is; en Aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Unless otherwise indicated the crimes described as: HB. and Theft; Receiving stolen property; Forgery and Uttering; and Assault G.B.H. are in fact the crimes: Housebreaking with intent to commit an offence and theft; Receiving stolen property well knowing it to have been stolen; Forgery and Uttering a forged document well knowing it to have been forged; and Assault with intent to do grievous bodily harm

Blaai om.  
Turn over.



AUTHORITY IN TERMS OF SUBSECTION (4) OF  
SECTION 8 OF ACT 34 OF 1955.

---

I,

RUDOLF WERNER REIN,

Attorney-General of the Province of the Transvaal  
hereby authorise the prosecution of

PIET MAHLANGU

on a charge of ATTEMPTING TO CONTRAVENE SECTION 2  
OF ACT 34 OF 1955 READ WITH SECTION 8(1) OF THE  
SAID ACT.

Dated at PRETORIA this 30th day of JANUARY,  
1964.

(Sgd) R.W. Rein,

R.W. REIN  
ATTORNEY-GENERAL,  
TRANSVAAL.



Binnelandse Sake verwysingsno. 2/248/146

Ek, GERHARDUS STEPANUS BOTHA, verklaar hierby dat ek as 'n Administratiewe Beampte werksaam is in die Paspoortseksie van die hoofkantoor van die Departement van Binnelandse Sake, Pretoria.

Indien enige paspoortgeriewe deur die Departement van Binnelandse Sake aan PIET MAHLANGU (alias JOHANNES THOLO) (Bantoeman).

verleen is sou dit in die gewone loop van sake tot my aandag gekom het en sou 'n aantekening daarvan in die rekords van die Departement, waartoe ek toegang het, gemaak gewees het.

Ek het die rekords van die Departement nagegaan en vasgestel dat geen geldige reisdokument, soos vereis deur die bepalinge van artikel twee van die Wet tot Reëling van Vertrek uit die Unie, No. 34 van 1955, aan PIET MAHLANGU (alias JOHANNES THOLO) uitgereik is om die Republiek van Suid-Afrika met inbegrip van die Gebied Suidwes-Afrika te verlaat nie.

(Get.) ?

---

Die verklaarder erken dat hy weet wat die inhoud van hierdie verklaring is en dit begryp. Vandag voor my beëdig en onderteken.

(Get.) ?

---

Datum:

Plek: Pretoria.

Kommissaris van Ede  
vir die Republiek  
van Suid-Afrika (ex  
officio)

Senior Administratiewe Beampte,  
Departement van Binnelandse Sake.

Getuies: (1) (Get.) ?

(2) (Get.) ?



IN THE COURT OF THE MAGISTRATE FOR THE REGIONAL  
DIVISION OF PRETORIA HELD AT PRETORIA.

Case No. SHJ 76/64

In the matter of:

THE STATE

versus

PIET MAHLANGO

---

REASONS FOR JUDGMENT.

The accused appeared before this court on a charge of having contravened section 2 read with section 8(1)(a) of Act No. 34 of 1955, in that, being a person over the age of sixteen years, he did on the 9th and 10th June, 1963, attempt to leave the Republic for the purpose of proceeding to a place outside the Republic (other than a Protectorate) without a valid passport or permit.

On arraignment, the accused pleaded not guilty, but on completion of the trial, he was duly convicted of the charge preferred against him and sentenced to imprisonment for a period of nine months.

The accused has appealed against the conviction on the grounds that the conviction is against the weight of evidence in that the court erred:-

- (i) in accepting the evidence of the two accomplices;
- (ii) in finding that the State had proved the necessary intention on the accused's behalf to commit the offence charged and
- (iii) in finding that an attempt had been proved whereas the facts merely disclose acts of preparation to commit the offence charge,

FACTS/ ...



FACTS FOUND PROVED.

The facts found to have been proved are as set forth in the courts judgement at pp50 - 56 (inc) of the record of proceedings.

REASONS FOR JUDGEMENT.

The grounds of appeal have all received consideration in the court's judgement referred to above.

In arriving at a conclusion that the facts disclosed an attempt and not mere acts of preparation, the Court had regard to the decisions in the following cases:-

R vs HLATWAYO, 1933 TPD 441 at pp 444/5;

R vs <sup>SCHRAMMIE</sup> ~~BERAMMIE~~, 1945 AD 541 at p. 547 - as interpreted by Schreiner, J.A., in R vs B, 1958(1) S.A. 199 (A.D.) at pp 202/3.

F.E. MENTZ

MAGISTRATE OF THE PRETORIA DIVISION

At Pretoria.

30th May, 1964.



IN THE REGIONAL COURT PRETORIA FOR THE DISTRICT OF PRETORIA.

THE STATE

vs

PIET MAHLANGO

Be pleased to take notice that an appeal is hereby lodged against the conviction of the above named appellant by the Regional Magistrate, Pretoria Mr. P. E. Mentz delivered at the Regional Court, Pretoria on the 26th February 1963 for the following reasons:

1. The conviction is against the weight of evidence.
2. The Magistrate erred in accepting the evidence of two accomplices in convicting the accused.
3. The Magistrate erred in finding that the State had proved the necessary intent on the appellants behalf to commit the offence charged.
4. The Magistrate erred in law in finding that an attempt to <sup>M</sup>commit an offence had been proved, when it is submitted, the facts proved showed only mere acts of preparation to <sup>M</sup>commit the offence charged.

(Sgd) M. Hannan

COUNSEL FOR THE APPELLANT.



Collection Number: AD1901

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS, Security trials Court  
Records 1958-1978**

**PUBLISHER:**

*Publisher:-* Historical Papers, University of the Witwatersrand

*Location:-* Johannesburg

©2012

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.



*Incompl*

SAAK NR: SHJ.76/64.

DATUM: 24/2/1964.

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK PRETORIA

GEHOU TE PRETORIA.

VOOR: MNR. F.E. MENTZ.

DIE STAAT TEEN: PIET MAHLANGO.

KLAGTE: POGING OM REPUBLIEK TE VERLAAT SONDER PASPOORT.

PLEIT: ONSKULDIG.

VIR DIE STAAT: W. MARINUS.

VIR DIE VERDEDIGING: ADV. M. HANNAN.

TOLK: S. NKOSI.

OPERATRICE: M. ALLAWAY.

OORSKRYFSTER: M.L. DE WET.





STAATSAANKLAER: Stel klagte aan beskuldigde.

BESKULDIGDE PLEIT: Onskuldig.

(STAATSAANKLAER SPREEK HOF. HANDIG VERKLARING, BEWYSSTUK B, IN.)

DEFENCE: No objection to handing in of Exhibit B.

SAREL JOHANNES STRYDOM : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: U is 'n Adj. Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie en u is gestasioneer te Ottoshoop in die distrik Rustenburg van die Streekafdeling? --- Dit is reg.

Op die 10de Junie 1963, ongeveer 2-uur nm. het u diens gedoen .... --- Dit was 10-uur vm. gewees.

HOF: 2 vm. --- 2 vm., ekskuus.

AANKLAER: Op die Zeerust-Lobatsi pad? --- Lobatsipad.

Is dit die ooppad na die Betsjoeanaland se Protektoraat buite die grens van die Republiek? --- Dit is reg. Die pad gaan van Zeerust, oor die Betsjoenalandse grens na Lobatsi, wat in Betsjoenaland geleë is.

Het u diens verrig daar tot ongeveer 10.30 vm. van die 10de Junie 1963? --- Op die 10de Junie om 2.0 vm. het ons voertuie daar voorgekeer op die Zeerust-Lobatsipad. Die Bantoemans wat in die voertuie gevind was, was na die Polisiestasie geneem.

Het u toe daarna weer teruggekeer na die pad-toe? --- Daarna is ek na Rustenburg.

En daarvandaan? --- Om ongeveer 10.30 vm., nog op die 10de, het ek 'n Volkswagen Kombi op die pad tussen Groot Marico en Zeerust aangetref.

In watter rigting het hierdie voertuig gery? --- Die voertuig het in die rigting van Zeerust gery.

In watter rigting is dit met betrekking tot die grens tussen die Republiek en Betsjoeanaland? --- Die pad loop oor Zeerust na Lobatsi in Betsjoeanaland.

Is dit korrek dan dat dit gery het in die rigting van die grens? --- Dit is korrek.



Hoever van die grens af? --- Dit was ongeveer 47 myl van die grens af.

Wat was die registrasienommer van die voertuig? --- Dit is 'n T.J. registrasie - ek kan nie meer die nommer onthou nie - bestuur deur 'n kleurlingman met die van van Sinclair. Buiten die kleurlingman en 'n kleurlingseun, was daar nog elf Bantoemans in die voertuig gewees.

In watter gedeelte van die voertuig was die elf Bantoemans? --- Hulle het agter in die voertuig gesit. Twee van hulle het voor langs die bestuurder gesit.

HOF: Is dit inkluis die seun? --- Die kleurlingseun het agter in gesit.

AANKLAER: Wat het u gedoen? --- Ek het die persone na die Polisiestasie op Zeerust geneem.

Wie was die persone gewees? --- Dit was die bestuurder, die Kleurlingseun en 11 Bantoemans, waaronder beskuldigde een was.

In watter gedeelte van die voertuig was beskuldigde? --- Ek kan my nie meer voorstaan of hy voorin gesit het of agter saam met die ander Bantoes nie.

Wat het u toe gedoen? --- Op Zeerust het ek hulle ondervra.

Het u beskuldigde ook ondervra? --- Ek het die beskuldigde ook ondervra. Hy het sy naam verstrek as Piet Mahlango van 443.A. Zolla Lokasie, Johannesburg.

Watter lokasie? --- 443.A. Zolla Lokasie, Johannesburg. Ek het hom gevra wat hy in daardie omgewing doen, wat sy besigheid daar was. Hy het gesê dat 'n onbekende persoon hom in Johannesburg in die lokasie voorgekeer het en vir hom gesê het hy is gevang en hy moet in die voertuig klim, dat hy toe ingeklim het en dat hy nie geweet waarheen hulle reis was nie.

Is die persone, insluitende beskuldigde, aan Speurder Sersant Ferreira van Pretoria oorhandig? --- Dit is reg.

Geen verdere vrae.



KRUISONDERVRAGING DEUR VERDEDIGING: Konstabel, het jy saam met dié Sinclair gepraat? --- Ek het met Sinclair gepraat, ja.

Wat het hy gesê? --- Hy het gesê dat hy die persone na 'n begrafnis neem.

Iets anders wat hy gesê het? --- Hy het later by die Polisiestasie 'n verklaring aan my gemaak.

Wat het hy nog gesê in die verklaring? --- Met die strekking dat hy gehuur was om die persone te vervoer na 'n plek anderkant Zeerust, dat die voertuig langs die pad gebreek het, dat die insittendes op een stadium onder mekaar gepraat het om hom dood te maak, omdat die Polisie hulle nou gaan kry.

Ja, iets anders? --- Niks anders nie.

Weet u of Sinclair ooit as 'n Kroongetuie gebruik was in enige saak? --- Ja, ek is bewus daarvan dat hy as 'n Kroongetuie gebruik was.

Weet jy of hy miskien, hierdie Sinclair, nog 'n verklaring aan die Polisie gemaak het of weet jy nie? --- Ek weet nie.

Het jy hom nie gevra watter doeleindes hy hierdie mense vervoer nie? --- Ek het dit nie gedoen nie.

Kan jy net weer sê wat die beskuldigde aan u gesê het toe jy hom gearresteer het? --- Hy het gesê dat 'n onbekende Bantoeman hom in Johannesburg in die lokasie gekry het en vir hom gesê het hy is gevang, hy moet inklim in die Kombi.

Het hy op enige stadium van drank gepraat? --- Ekskuus.

Het hy van drank gepraat? --- Op geen stadium van drank gepraat nie.

Jy het nie die skriftelike verklaring van die beskuldigde afgeneem nie? Is dit reg? --- Nee, ek het nie die verklaring van hom geneem nie.

Dié verklaring wat u sê die beskuldigde aan u gegee het: het u enige nota daarvan gemaak? --- Ek het notas daarvan gemaak.



Die ander mense in die voertuig: het hulle almal aan u verklarings gemaak? --- Elkeen het 'n storie te vertel gehad. Party van hulle wou geen vrae antwoord nie; ander het verduidelikings gegee.

Nou, het u, voor u die getuiebank ingestap het, het jy die verklaring gelees, konstabel? --- Nee, ek het nie die verklaring daar gelees nie.

Het u u notas gelees? --- Ja, ek het my notas gelees.

Ja, lees net die notas.

HOF: Wil u daarna verwys, of wil u hê dat hy dit aan die Hof moet lees?

VERDEDIGING: Ek wil dit sien asseblief.

(Hof en Verdediging bespreek).

GETUIE: (lees van notas aan Hof).

"Item 2 hierso: Piet Mahlango, geen bewysboek, 443(A), Zolla Lokasie, Johannesburg. Hy het gesê: 'n onbekende persoon het vir hom gesê hy is gevang, hy moet in die voertuig klim. Hy was nie onder dwang nie en ken ook nie die ander persone wie saam met hom in die voertuig gery het nie."

VERDEDIGING: Dit is dieselfde verklaring dié wat in die dossier is? --- Ek is nie seker of dit dieselfde verklaring is nie. Daardie is 'n afskrif van 'n verklaring wat ek destyds gemaak het.

Wanneer het u hierdie getik? --- Die volgende dag.

Wie het dit vir u getik? --- Ek het dit self getik.

Wanneer was dit gewees? --- Die volgende oggend.

Het u ander notas gehad, Konstabel, of het al dié uit u kop gekom? --- Ek het ander notas gehad waar ek dit van af geskryf het.

Waar is daardie nou? --- Ek weet nie waar die oorspronklike notas is op die oomblik nie. Dit was saam met die oorspronklike verklaring gewees, wat ek aan Pretoria gestuur het.



Is dit moontlik om die oorspronklike notas in die hande te kry? --- Ek weet nie of dit moontlik sal wees nie. Ek sal eers moet hoor van die Onderzoekbeampte in die saak of dit beskikbaar is of verlore gegaan of wat die posisie is.

U oorspronklike notas: hoe lank na u die beskuldigde arresteer het, het jy hulle geneem? --- Die notas het ek gemaak terwyl ek besig was met ondervraging met die beskuldigde.

Nou hoekom het jy nie 'n verklaring van hom geneem nie? 'n Gewone verklaring? --- Herhaal asseblief.

Hoekom het jy nie 'n gewone verklaring van hom geneem nie? --- Ek het van al die Bantoes 'n kort verklaringtjie geneem; dit was nie 'n volledige verklaring nie, dit was net 'n kortlikse verduideliking van wat hy in die voertuig doen, of hy betaal het om saam te ry, of wat die posisie was.

Konstabel, jy weet as jy 'n skriftelike verklaring kry wat deur die beskuldigde geteken is, is dit die beste getuennis, nê? U weet dit? Hoelank is u in die Polisie? --- Veertienjaar.

En die beskuldigde het seker die verklaring natuurlik vrywillig gemaak, nê Konstabel? --- Hy het die verklaring vrywillig gemaak.

Ek wil weet in die omstandighede, jy weet daar is 'n vorm, jy het seker dié vorms in Zeerust ook, hulle het hulle hier, wat sê: "Ek maak hierdie verklaring vrywillig, uit my eie" en soiets, jy weet. En hoekom het jy nie 'n skriftelike verklaring geneem en die beskuldigde gevra om die verklaring te teken? --- My opdrag was nie om breedvoerig in die sake in te gaan nie. Indien ons die persone wat ons volgens inligting moes voorkeer, kry, moes ons hulle na die Polisie-stasie neem, hulle name en adresse kry, enige dokument wat aan hulle is en dan moes ons hulle aan die Veiligheidstaf van Pretoria besorg, wie volledig ondersoek sou instel.

En hoekom het jy hom gevra? *Hoekom het jy 'n mondelings* verklaring van hom afgekry, as dit nie u besigheid



is om die saak te ondersoek? --- Dit is net normaalweg om 'n persoon se adres te vra en hom ook te vra waarheen hy gaan en wat die doel van sy besoek is.

Konstabel, die posisie is: jy het nou 'n verklaring van hom gekry. Stem jy saam dat die beste getuienis van daardie verklaring is 'n skriftelike verklaring geteken deur die beskuldigde. Sal u daar saamstem? --- Dit is korrek.

Nou, hoekom het jy nie die verklaring geneem. Hoekom het jy nie hom gevra om te teken? --- Ek het geweet dat daar verder vorentoe die ondersoek gedoen sal word en wat hy te sê het sal neergeskryf word.

Ek het nie jou gehoor nie. Sê jy hy het geweet dat dit sou neergeskryf word? --- Ek het geweet dat hy by die verdere ondersoek in die saak, indien hy 'n verklaring wil maak, die verklaring skriftelik van hom afgeneem sou word.

Het jy nie gedink miskien sal hy sy verklaring betwis? --- Dit is moontlik dat hy dit kon doen.

Het jy gedink om sy verklaring in skrif te neem of nie? --- My ondervraging was hoofliks met die doel gewees om vas te stel of die storie wat hulle vertel, waar is, of ek grondige redes het om hulle aan te hou en aan die Veiligheid te oorhandig.

Antwoord net die vraag, Konstabel. Het jy gedink om die verklaring in skrif af te neem? ---

Toe hy vir jou gesê het, hierdie verduideliking: het jy nie gedink om die ding in skrif af te lê nie? --- Nee.

Jy het nie gedink dat dit sou die beste getuienis wees as jy die beskuldigde kry om die verklaring te teken? --- Op daardie stadium het ek ook nie in terme van getuienis gedink nie.

Jy het nie in terme van getuienis gedink nie? Sê vir my: hoekom het jy hom ondervra as u nie in terme van getuienis gedink nie; hoekom het jy dit afgeskryf wat hy gesê het? --- Daar was die inligting wat ons gehad het dat



daar moontlik persone oor die grens wou gaan. Ons moes hulle voorkeer, indien ons persone aantref wat verdag voorkom en moontlik die persone kan wees wat be doel is om oor die grens te vat, moet ons hulle aanhou en aan die Veiligheid oorhandig. Toe het ek die voertuig gekry en daar was 'n verduideliking aan my gegee dat hulle op pad is na 'n begrafnis-toe. Toe het ek elkeen afsonderlik gesprek om te hoor of die storie waar is, of hulle op pad is na die begrafnis-toe. Hulle het uiteenlopende stories vertel en party wou geen vrae antwoord nie, met die gevolg dat ek toe genoeg gronde gehad het om te glo dat dit 'n geval is waar ons hulle kan aanhou en aan die Veiligheid oorhandig.

Jy het die vraag geantwoord Konstabel: Hoekom het jy die verklarings geneem? Jy het gesê jy het nie van getuie-nis gedink nie. Nou hoekom het u die verklarings geneem? Vir watter doeleindes? --- Ek het hulle name en adresse gevra.

Ja, dit kan ek verstaan, maar die verklarings? Vir watter doeleindes het jy hulle verduideliking gevra?

(Aanklaer maak beswaar).

(Defence addresses Court).

COURT: I don't in any way wish to interfere with your cross-examination, but he does appear to have given a reason, the reason being to determine whether they should be detained).

VERDEDIGING: Is dit die enigste rede hoekom? --- Dit is die enigste doel waarom ek hulle ondervra het.

So, as jy hulle daar gearresteer het, het jy nie geweet dat hulle onder die "90 dae" aangehou sal word? --- Nee.

Wat het jy geweet, Konstabel? ---

Het jy net 'n oproep gekry om hulle te hou of wat?

--- Nadat hulle die uiteenlopende stories vertel het, '



ek besluit om hulle aan te hou en om die Veiligheidstak in Pretoria te kontak en hulle is aan hulle oorhandig. Daarna het ek gehoor dat hulle aangehou word onder die "90 dae" klousule.

Geen verdere vrae.

AANKLAER: Geen herondervraging.

PETRUS ALBERTUS FERREIRA : V.O.E.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: U is 'n Speurder Sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie te Pretoria? --- Ek is.

U is Onderzoekbeampte in dié saak? --- Ek is.

Nadat beskuldigde aan u oorhandig is, het u besonderhede van hom gekry betreffende sy ouderdom? --- Ek het. Sy ouderdom opgegee as 24 jaar.

Geen verdere vrae.

KRUISONDERVRAGING DEUR VERDEDIGING: Hoelank het jy die beskuldigde daar gehou toe jy hom vrae gevra het? --- Die beskuldigde is op die 10de Junie 1963 na Pretoria gebring, vergesel van 'n aantal ander persone en in die 90 dae klousule aangehou en op tot die 6de September 1963 is 'n aantal van hulle gespreek. Op watter datum beskuldigde gespreek is .....

Herhaal, September of Desember? --- September.

6 September? --- 6 September 1963. 'n Groot aantal van hulle gespreek; watter datum die beskuldigde gespreek was sal ek nie kan sê.

Dit kon ongeveer drie maande gewees het, is dit reg? --- Was vir drie maande aangehou, ja.

Het jy saam met Sinclair gepraat? --- Nee, nooit.

Jy ken 'n man naam van Coetzee, nè? --- Ek ken vir Sinclair; ek ken vir Piet Coetzee ook, 'n Kleurlingman.

HGF: Is Coetzee 'n Kleurling? --- Piet Coetzee is 'n kleurling, so is Sinclair ook 'n kleurling.

VERDEDIGING: En Suliman? --- Sulliman is 'n Indiërman, ken ek ook.

Essop Suliman? --- Essop Suliman.



Kan u vir my sê miskien, hoelank Suliman in hegtenis was voor hy 'n verklaring gemaak het? --- Dit is moeilik om te sê. Daar is onmiddellik begin met die neem van sy verklaring en 'n lang proses was, wat oor 'n tydperk geneem was. Hy is toe later, ek reken na twee maande - ek skryf onder korreksie - is hy losgelaat.

Goetzee: hoe lank was hy gehou voor hy 'n verklaring gemaak het? --- Goetzee is verklaring is die oggend geneem van die arrestasies plaasgevind het.

Op 10 Junie? --- Op 10 Junie.

Wanneer het jy hom voltooi? --- Hy was eendag aangehou en op die llde was hy losgelaat.

Jy sê op die llde was hy vrygelaat? --- Dit is so.

Het jy Suliman ondervra? --- Op geen stadium nie.

Geen verdere vrae.

AANKLAER: Geen Herondervraging.

PIET ADAM COETZEE : V.O.E.

HOF: Meneer die Aanklaer deel die Hof mee dat jy moontlik 'n mededader kan wees en dit is gevolglik my plig om jou te waarsku. Jy het nou al die eed geneem maar die Wet bepaal dat, as jy die eed neem en alle vrae wat aan jou gestel word kan bevredigend beantwoord, jy onthef sal word van alle vervolging.

ONDERVRAGING DEUR AANKLAER: Vir wie werk jy? --- Essop Ahmed Sulliman.

Wat se werk doen jy vir Sulliman? --- Drywer.

Wat dryf jy? --- 'n Kombi.

En watter besigheid doen Sulliman? --- Pirate taxi.

Sedert wanneer werk jy vir Sulliman? --- Dit is nou die vyfde jaar dié.

Gedurende 1962 was jy in Sulliman se diens? --- Ja.

Was jy in daardie jaar op Lobatsi in Betsjoeanaland gewees? --- Ek was in Lobatsi, Betsjoeanaland.

Vir watter doel het jy soontoe gegaan? --- Ek het gegaan op "instructions" om die mense uit te vat soontoe.



Lobatsi-toe vir vergaderings.

Wie het jy soontoe geneem? --- Ek het die African National Congress soontoe gevat.

(Hof en Staatsaanklaer bespreek).

VERDEDIGING SPREEK HOF.

AANKLAER: Nou wie het die vergadering gehou op Lobatsi? --- Walter Sisulu, Sambo en nog ander klomp wat ek nie hulle name baie mooi ken nie.

U het die name genoem van Walter Sisulu en Sambo? --- Sambo, ja.

U sê ook ander persone van wie jy die name nie kan onthou nie? --- Ja, want ek ken hulle nie.

Het jy die vergadering bygewoon? --- Ek was by. My kar het by die vergadering gestaan want dit was in oop kamers. Voor het baie van hulle gestaan en ons het tussen hulle gestaan.

Het jy gehoor wat op die vergadering gebeur het? --- Wat ek gehoor het, het ek gehoor.

Wie het die vergadering toegespreek? --- Walter Sisulu en Sambo, Samba.

Weet jy van watter organisasie hulle lede is? --- Hulle lede was gewees wat hulle voorgespreek het, hulle wil die Goewerment uitwerk.

Was die persone by die vergadering lede van enige organisasie? --- Hulle het gepraat van manne oorstuur.

HOF: Luister nou na die vraag. Dit is nou tweemaal wat die vraag gestel word en dan praat jy nou iets anders. Herhaal weer die vraag, Meneer die Aanklaer.

AANKLAER: Weet jy of die mense wat die vergadering gehou het, lede was van enige besondere organisasie? --- Ek weet hulle sê van die Afrikan National Congress lede is.

Wat is daarso besluit deur die mense, by die vergadering? --- Die besluit van hulle was gewees om die Goewerment af te werk.

Op watter manier sou dit gedoen word? --- Want hulle wil die land kom kry.



Ekskuus? --- Want hulle wil die land kom kry.

Hoe gaan hulle dit regkry om die "control" van die land oor te neem? --- Ek weet nie.

Wat het hulle daar besluit. Wat het hulle gesê? --- Hulle het gesê hulle gaan soldate maak om teen die wittes te baklei.

Is daar besluit waar hulle die soldate gaan maak? --- Hulle gaan "recruits" maak, hulle stuur hulle deur Tanganyka-toe en Daras Salaam.

Kan jy onthou/watter maand/in 1962 daardie vergadering gehou is? --- Ek kan die maand onthou nie, ek weet nie of dit Maart is of wat nie, maar dit is daar Februarie November daartussen.

Het u daarna, na die vergadering, enige opdragte gekry van Sulliman in verband met mense? --- Ja ek het opdrag gekry van Sulliman om vir die mense te vat van Johannesburg tot op die "borders" van Lobatsi en Transvaal.

Hoelank na die vergadering het dit gebeur? --- Drie weke na die vergadering het ek die eerste "batch" oorgevat.

Weet jy van watter organisasie daardie mense lede was? --- Dit was gesê hulle gaan oor Tanganyka-toe.

Weet jy van watter organisasie hulle lede was? --- Nee. Waarvandaan het jy die mense geneem? --- Van Johannesburg af.

Waar was Sisulu daardie tyd gewees? --- Walter Sisulu was by die huis gewees.

Ekskuus? --- Hy was in Johannesburg gewees.

Hoeveel keer het jy mense uitgeneem? --- 'n Hele klomp maal; ek kan amper nie tel nie.

Watter voertuie het jy ieder slag gery? --- Met die Volkswagen.

HQF: Met die Kombi of ander? --- Kombi.

Onthou jy die naweek van die 9de Junie 1963? --- Die 19de of die 9de.

Negende Junie 1963? --- *Wat die karre gevang gewees het?*

Ja.

Was jou voertuig ook deur die Polisie voorgekeer? --- Ja.



Waarvandaan het jy gekom? --- Van Johannesburg af.

Hoeveel voertuie het van Johannesburg af vertrek? ---

Wat als sou vertrek het was vier.

Vier Kombi's? --- Vier Kombi's.

Waar is die persone opgelaai wat in die Kombi's was? ---

Ek het hulle in die "Location" opgelaai, die anders in Maraba Garage, Orlando.

HOF: In die "location" waar? --- In die "location", Orlando, Maraba Garage, regoor die garage.

Reg oor watter garage? --- Maraba Garage.

AANKLAER: En ook in Orlando? --- En ook in Orlando-Wes, Pafenie en Pheri.

Ekskuus? --- Orlando-Wes.

Orlando-Wes. --- Pafenie.

Pafenie. --- En Pheri.

Waar is Pafenie en Pheri? --- Hulle is uitmekaar uit, naby 'n dorp amper naby Roodepoort.

Naby Roodepoort. Weet jy hoeveel persone alstesaam opgelaai is in die Kombi's? --- In my Kombi was gewees 14.

Veertien? --- Veertien.

Wie was die bestuurders van die ander Kombi's? --- Ek het een gebestuur en Abraham Sulliman het een bestuur, hy is Sulliman se broer, en een het Sinclair gebestuur en een het 'n ander "Indian" - ek het net sy naam vergeet - ook bestuur.

Het enige iemand aangedui hoe julle moet ry? --- Die leier was daarso.

Wie was die leier? --- M'bata.

Wie is hy? --- Hy is een van die "Congress Leaders" wat nou in die gevangenis is.

Na watter Congress verwys jy nou? --- African National Congress.

Waarmee het hy gery? --- Hy het gery met 'n Zodiac motor-kar.

(Defence addresses Court re objection).

(Aanklaer spreek Hof in antwoord).

(Defence addresses Court in reply).



JOURT: Of course, it is conceivable that the State intends proving that he proposed leaving under the auspices of the Association. All the essential elements have not yet been established, but this of course is merely an interlocutory order and I shall admit the evidence at this stage to see whether ultimately the necessary elements are before the Court.

AANKLAER: Ek meen daar was 'n vraag laas gevra waarop ek toe nie 'n antwoord gekry het nie.

HOF: Hy met 'n Zodiac, dit is Mbata, hy was in 'n Zodiac motorvoertuig.

AANKLAER: Nou, sal jy dan beskryf hoe julle verder gery het van Johannesburg se lokasies af? --- Van die lokasies af het ek weggetrek uit die dorp 7 uur.

HOF: 7-uur vm. of namiddag? --- Namiddag.

Op die 9de? --- Ja.

AANKLAER: Dit is die aand van Sondag, nè? --- Ek het opgetrek by Maraba Garage, Orlando.

Ja? --- Ek is weg daar; ek het die ander karre daar laatstaan. Ek is daar weg, ek is na Mandela se huis-toe, Orlando-Wes.

Wat het jy daar gaan maak? --- Ek het nog ander daar gaan laai.

Wie is Mandela? --- Mandela is die "leader" van die A.N.C. African National Congress.

Was hy saam met jou? --- Nee, hy was nie daar nie. Hy was binnekant. Sy vrou was daar by die huis gewees, ek was gevat van 'n ander man, Mbata.

Waarheen is jy daarvandaan? --- Daarvandaan af was ek weer gevat, hulle het my gesê ek moet aanry tot op Pheri.

Ja? --- Van Pheri af moet ek deur Dobsonville gegaan het.

Dobsonville? --- Ja. Moet ek deur Dobsonville gaan na Roodepoort-toe.

Waar is dit? --- Dit is naby Roodepoort, duskant Roodepoort.



Ja? --- Wel, toe ons daar kom, toe kom ons weer terug, toe staan ons in die "dresser." Toe kom ek hulle kry op Zolla. Toe staan die ander karre daar. Ek het weer omgedraai want ek kon nie die pad weer kry daarsó nie. Toe kom ek terug, toe kry ek hulle op Zolla stean.

Is dit nou die ander drie Kombi's? --- Ja, toe kry ek die ander drie Kombi's daarso.

By watter plek? --- By Zolla.

Waar is dit? --- Dit is hier in Dube se kant, Pafenie.

Ook in Johannesburg? --- Ook in Johannesburg.

En waar was Mbata met die motorkar? --- Mbata was daarso, toe het hy nog die ander man uit die huis uit gebring om die ander karre te laai.

Waarheen is jy toe? --- Daarvandaan af het ons omgedraai, toe gaan ons weer, toe draai ek om hier Johannesburg se kant, toe vat ons die pad Dobsonville deur, met die "main road," deur Dobsonville.

Het die vier Kombi's toe saamgery? --- Agtermekaar.

HOF: En die Zodiac? --- Die Zodiac was voor.

AANKLAER: Hoelangs het julle toe gery? --- Ons het gekom tot hierbo na Maraisburg, naby Maraisburg.

En daarvandaan? --- Daarvandaan toe vat ons die Roodepoort pad deur Krugersdorp se kant.

Hoe het julle toe verder gery? --- Een Kombi het "gestuck". Sinclair se Kombi het "gestuck."

Sinclair? --- Sinclair. Sy Kombi het iets makeer hier op Roodepoort. Ons het hom daar "getry" om reg te maak, toe los ons hom daar met die klomp, met sy vrag, toe gaan ons weer aan.

Is toe net die drie Kombi's en Mbata voort? --- Ja.

Ja? --- Ek het gery tot op Magaliesberg met die ander twee Kombi's, gery tot op Magaliesberg, toe draai ek en Essop om om te kom kyk waar is Sinclair se Kombi.

Twee Kombi's het omgedraai? --- *Nee, net ek het allenig omgedraai, om te kyk waar hy is.*



En Sinclair? --- Sinclair, toe ons daar kom waar ons hom gelos het op Roodepoort, toe sien ons hom nie. Hy het die ander pad deurgevat.

Het Mbata en die ander twee Kombi's verder gery? --- Die ander twee het voor aangegaan.

In watter rigting het hulle gery? --- Hulle het die Lichtenburgpad gevat, deur Koster.

Toe jy nie vir Sinclair kry nie, wat het jy gedoen? --- Toe draai ons om, toe volg ons die ander twee Kombi's, saam met Mbata.

Het jy weer by die Kombi's aangesluit? --- Ons het nie weer by hulle aangesluit nie, want die twee Kombi's was baie ver voor ons.

Ja? --- Daar van Zeerust af tot ons op Groot Marico is, sien ek net die Zodiac kom terug.

Waar was dit gewees? --- Groot Marico.

HOF: Is dit Mandela? --- Nee, Mbata.

Dit was toe Mbata? --- Ja.

AANKLAER: Tot waar toe moes jy gery het? --- Ek moet gery het tot by die grens.

Watter grens? --- Betsjoeanaland.

Van wie het jy daardie opdrag gekry? --- Van Samba hierso Sulliman? --- Sulliman. Hy was saam met my in die Kombi. Saam met jou? --- Ja, hy was saam met my gewees.

Wie was toe in die Zodiac wat terugkeer? --- Met die terugkeer van die Zodiac, toe is dit net Mbata en 'n vroumens.

Is die vroumens vroeër ook in die omtrek gewees? ---  
Toe is die vrou/<sup>VOOR</sup>saam met Mbata in die kar.

Ekskuus? --- Toe is die vroumens saam met Mbata in die kar voor.

HOF: Het sy met die soontoe gaan ook saam met hom gery? --- Ja, met die soontoe gaan was sy ook saam.

AANKLAER: Wat het toe gebeur? --- Toe het hy 'n paar manne ook binne in die kar gehet, wat hy *mee omgedraai het: vier, vyf mense* gehet in die kar toe hy omgedraai het.



Ja? --- Toe kry ons op Groot Marico.

Het julle toe stilgehou? --- Ja, hy het ons gestop, toe hou ons stil.

En, wat het toe gebeur? --- Toe sê hy vir ons, julle beter nou dadelik hier omdraai "because" die ander twee Kombi's is klaar gevang.

En toe? --- Toe klim Sulliman saam met hom in die kar in en hulle draai daar om.

Waarheen ry hulle toe? --- Toe kom hulle terug Johannesburg-toe.

Wat het jy gedoen? --- Toe trek ek net so'n eintjie op toe draai ek ook om. Toe het hulle my gesê ek moet die mense wat ek in my kar het weer by Mandela se huis gaan aflaai.

Wat het toe van Mbata en die Zodiac geword? --- Hulle is daar weg; ek weet nie wat het geword van hulle nie.

En wat het jy toe gedoen? --- Toe ek net omdraai, ek was nie eers half-myl weg nie, toe kom die Polisie op, toe keer hulle ons voor, toe vang hulle ons. Ek het net gedraai, kan ek maar sê.

Dit was naby Groot Marico toe? --- In Groot Marico.

Toe vang hulle vir jou en die ander mense wat in die Kombi was? --- Die ander mense is in Zeerust gevang, naby die "border" wat saam met my in die kar gewees het.

Is julle almal gevang? --- Ja.

HOF: En die Zodiac? --- Nee, die Zodiac het deurgekom, na Rustenburg se kant-toe.

AANKLAER: Is jy die volgende dag na Pretoria gebring? --- Ja.

En het jy daardie ander twee Kombi's wat vooruitgery het vanaf Magaliesberg, het jy hulle weer gesien? --- Die ander twee Kombi's wat gevang is, hulle het my kom kry op Groot Marico.

HOF: Is hulle toe al gevang? --- Hulle was gevang. Hulle het my kom kry op Groot Marico. Ek is agter hulle gevang.

AANKLAER: Dit is nou die twee wat vooruitgery het? --- Ja.

Het jy Sinclair se Kombi weer gesien? --- Sinclair se Kombi het ek nie weer gesien nie.



Het jy die Zodiac weer gesien? --- Die Zodiac het ek kom sien op Rustenburg.

Ken jy vir die beskuldigde? --- Ek het die beskuldigde al gesien.

Waar? --- Ek het hom gesien in Orlando die aand met die laaiery.

Weet jy waar hy opgeklim het? --- Hy het daar by Zolla opgeklim, Phiri, net daar naby. Hy het saam met Mbata gekom, toe klim hulle in die Kombi's in.

Op watter manier het hy daar aangekom? ---- Wel, hulle was uitgehaal uit die huis uit.

Het hy aangestap gekom? --- Hulle het geloop "because" hulle kom soos 'n tou uit soos skoolkinders wat uit die skool uit kom op paradedronde kom, agtermekaar.

Uit watter plek uit het hy uitgekom? --- Uit 'n huis uit. Die huis dié ken ek nie, want hulle het net gaan uithaal, want ek het gedraai, ek was klaar gelaai, ek was vol.

Is daar enige ander persone by hom gewees? --- Daar was 'n hele klomp.

Het hy enigiets by hom gehad, bagasie byvoorbeeld? --- Hulle het nie komberse, niks gehet by hulle nie.

Kan jy onthou of hy dronk gewees het? --- Hulle was nie een dronk nie.

Geen verdere vrae.

KRUISONDERVRAGING DEUR VERDEDIGING: Sê jy die beskuldigde was nie heeldronk nie? --- Daar was nie een van hulle dronk nie.

O, is dit wat jy meen. Hoe sê jy die beskuldigde het daar gekom? --- Hulle is soos hulle uitkom by die huis uit en in klim in die Kombi's.

Hoeveel mense was daar daardie aand in die Kombi's opgelaai? --- Myne was 14. Ebrahim s'n was 12. Party het 15 ook gehet. Die ander een het net 11 gehet. Sinclair s'n het 11 gehet, want ons het helfte uitgehaal.



Beskuldigde het net daar in die Kombi geklim? --- Hy het net daar in die Kombi geklim.

Maar hy het niks gemaak nie, nie geskree nie of geveg nie? --- Nee, daar is nie een wat geskree het nie.

Kan jy al die mense wat daar was onthou? --- Ek kan 'n hele paar onthou.

Ja. Antwoord net die vraag. Kan jy elke mens wat daar was daardie aand onthou? --- Hoe kan ek hulle onthou?

Hoekom onthou jy die beskuldigde so goed? --- Wat ek kan onthou wat ek wel gekyk het, wat ek gesien het wie is hulle.

Daar was ongeveer 40 mense daar, nè? --- Ek weet nie of 40 of 45 daar was nie.

'n Hele klomp wat daar rondgeloop het, nè? --- Wat rondgeloop het, daardie tyd wat ons laai was daar nie mense wat daar rondgeloop het nie. Daar was nie eers 'n hond in die pad nie.

Sê vir my, toe julle Lobatsi-toe gegaan het, die eerste keer, het jy Walter Sisulu saamgeneem? --- Walter Sisulu het gery met sy eie kar.

Maar jy was by Lobatsi toe hierdie eerste vergadering daar gehou was, is dit reg? --- Ek was op die vergadering.

Dit is waar jy gehoor van die A.N.C. en die doeleindes van die A.N.C. en hoekom hulle mense oor die grens wil stuur? Daar het ek gehoor wat gaan hulle maak met die mense.

Ja. So jy het geweet nè, wat die doeleindes van dié mense was? --- Nee, ek het nie geweet wat is die bedoeling daarvan nie.

Jy het gesê jy het gehoor toe jy by Lobatsi was, waar Walter Sisulu gepraat het? --- Ek het gehoor; ek het nie baie notisie gevat van hulle nie.

Maar jy het gehoor? --- Ek het gehoor paar woorde wat hulle gesê het, ja.

Jy het gehoor dat hulle wil mense oor die grens stuur om soldate te wees, Tanganyka en die plekke? --- Ek het daarvan gehoor.



Sê my: hoeveel keer het jy getuienis alreeds in dié soort sake afgelê? --- 'n Hele paar maal.

Is jou getuienis altyd dieselfde? --- Dieselfde, ja.

Onthou jy 'n saak waar jy getuienis afgelê het teen een Henry Mogotli? --- Henry?

Mogotli? --- Godfrey of Henry Fritz?

Nee, ek weet nie. Henry Mogotli. Het jy in elk geval 'n saak getuienis afgelê waar Henry betrokke was? --- Henry? Ek weet ek het getuie afgegee in hierdie selfde Hof.

Ja, mnr. Marinus het daarvoor vervolg. Onthou jy? --- (Geen antwoord).

Die Aanklaer hier het daar ook vervolg. Is dit reg? --- Ja, die Aanklaer ....

Die beskuldigde se naam was Henry? --- Ek kan nie onthou wat was sy naam nie.

Ja, in dié saak het jy die volgende gesê. Jy sien jy was onder die eed gewees, toe het jy dié gesê: (Lees van vorige saak aan Hof). Hy was gevra. In ander woorde, jy het nooit geweet wat hulle doeleindes was nie. Toe het jy gesê: "Nee, ek weet nie wat se doeleindes gaan hulle uit nie." --- Het ek dit nie nou geantwoord nie. Ek het dan nou hier gesê: "Ja, ek weet nie wat is hulle ding. Ek het net gehoor hulle het gesê hulle gaan manne oorstuur Kenya-toe, Tanganyka."

Ja. Jy het gehoor by Lobatsi. Nou sê jy jy was daar by Lobatsi: "Ek het gehoor wat Walter Sisulu sê." Is dit reg? --- Ek het gehoor hulle sê. Ek weet nie wat gaan hulle maak nie. Hulle het net gesê hulle gaan manne oorstuur Tanganyka-toe.

Nou, het jy enige keer mnr. Essop gevra of Sulliman gevra maar hoekom gaan dié mense grens-toe? --- Ek het hom nie gevra nie.

Jy het hom nie gevra nie? --- Nee. Net soos hy sê jy moet die mense vat sover as die "borders."

Sien, jy verander weer jou getuienis. --- Hoe nou?



Daardie saak, die saak teen Henry, was jy ook so gevra. "Het jy ooit mnr. Essop gevra, dit is van die doeleindes hoekom die mense by die grens opgelaai is." --- Ek het net gehoor ....

(Lees uit vorige saak) "Ek het hom gevra; hy sê ek moet net die mense vat en aflaai by die "borders." --- Nou ja, ek het hom gevra, maar hy het my niks gesê nie.

Jy het hom gevra? --- Ek het hom gevra; hy het my niks gesê nie. Hy het net gesê ek moet hulle vat sover as die "borders" en klaarkry.

Mnr. Essop sê in dieselfde saak. Hy het ook getuie- nis daar afgelê, nè? --- Aflê, ja.

Hy het gesê: "Jy het hom nie gevra nie." --- Ja, ek het. Toe ek hom vra, toe sê hy vir my ek moet net die mense aflaai, toe het ek hom nie verder gevra nie. Wat my gesê het hulle moet Tanganyka-toe gaan, is Mbata, en paar van die persone wat ek vir hom gery het.

As Essop sê jy het hom nie gevra nie, is dit nie die waarheid nie? --- Dan is dit reg, ja. Ek het hom nie gevra nie. Wat ek hom net gevra ....

Jy het hom nie gevra nie? --- Ek het hom net gevra waarheen gaan die mense toe, toe sy hy vir my, vat hulle net sover as die grens.

Essop sê jy het hom nie gevra nie. Is dit die waarheid, of is dit nie die waarheid nie? --- Ek het hom gevra. Hy het nie gesê waarvoor gaan hulle nie. Hy het my net gesê: "Vat hulle sover as die grens."

Ja. Hoekom het jy hom gevra? Jy het geweet, jy was by Lobatsi gewees. Jy het Siulu gehoor praat van al hierdie besigheid? --- Ja, want ek moet hom vra, "because" ek het nie geweet daar gaan so klomp "trippe" oorgaan nie. Ek het nie geweet hoeveel maal ek moet oorgaan nie, want hy het my gesê: Jy moet net hulle laai en vat hulle grens-toe."

Maar jy het geweet vir watter doeleindes die eerste klomp gaan, nè? --- Want laai jy hulle, dan sê hulle vir jou



